Wanneer die doring agterbly is die Here se genade steeds genoeg

Teks: 2 Korinthiërs 12: 1 - 10
Teksvers: 2 Korinthiërs 12: 7 & 9

1. Inleiding

Geliefdes hoe lank nog? Dit is ’n vraag wat ons in die algemeen hoor vandag rondom ons. Wanneer gaan hierdie grendeltydperk dan nou opgehef word. Want is dit regverdig dat ons, die kerk van die Here so moet lei. Dat ons wat die evangelie wil versprei en mense in die samelewing wil ondersteun en voed, weerhou word om dit te doen. Want wanneer ons besig is met die werk van die Here moet die pad mos eensklaps gelyk en reguit word voor ons, of hoe?

Die waarheid wat Paulus vandag in ons teks openbaar is dat dit selfde die geval is. In hierdie bedeling het die ware dissipel van die Here teenstand. Want die Satan, self wil natuurlik nie hê dat die evangelie verkondig word nie. Hy wil nie hê dat die kerk se werksaamhede tot eer van die Here voortgaan nie. En ons weet dat die Satan self arrogant en trots is en sy mag laat geld. Daarom is dit sy boodskapper wat vir Paulus in ons teksgedeelte met ‘n vuis slaan, wat ’n doring in sy vlees bly.

Maar wat openbaar hierdie moeilik verstaanbare teksgedeelte aan ons vandag? Veral waar ons die vuiste van die Satan voel in ’n gebroke wêreld van siekte en swaarkry. Maar ek dink die vraag wat ons miskien vanoggend nog banger maak is: Wat as die doring in die vlees agterbly. As die Here nie bonatuurlik ingryp en ons verlos van die greep van siekte en ekonomiese ineenstorting nie.

Wat uiteindelik is dit hierdie sake wat ’n mens swak en uitgelewer laat voel. Wat by ons die gevoel bring dat ek net nie sterk en goed genoeg is om ’n donker toekoms aan te pak nie. En as ek nie sterk genoeg is nie, wat dan van die werk van die Here.

2. Die doring in Paulus se vlees

Geliefdes teen hierdie tyd het u al waarskynlik gemerk dat ons teksvers die moeilike onderwerp van die “doring in Paulus se vlees” bevat. Ja daardie saak wat nie werklik aan ons in helderheid in die Bybel geopenbaar word nie, en daarom genoeg spekulasie deur die eeue uitgelok het. En omdat dit nie geopenbaar is nie, kan ons ook nie ’n duidelike antwoord gee vanoggend nie.

Daar is vel twee lyne van gedagtes wat oor die jare hieroor bestaan het. En beide lyn op met wat geopenbaar word. Ons kan hierdie twee lyne saamvat as sonde en siekte. Want beide sonde en siekte sou met die ampswerk van Paulus ingemeng het. Dit sou dit nie net moeilik gemaak het om die evangelie te verkondig nie. Maar dit sou die aanhoor en aanvaarding daarvan ook belemmer het. Kom ons verduidelik.

Indien die doring in Paulus se vlees siekte is, dan beteken dit iets is fout met sy liggaam. Dit kan natuurlik enige iets wees van ’n fisiese gestremdheid tot ’n sielkundige toestand. Dit sou Paulus ingeperk het in sy ampswerk. Hy sou nie soveel kon doen soos ’n gesonde sterk persoon nie. Daarby laat ’n swak sieklike persoon ook soms ’n gehoor skepties. Veral in geloofsake, wil ons mos luister na sterk vooruitstrewende predikers. My geestelike leier moet ons iemand wees, waarop die wêreld trots kan wees.

Die tweede verklaring vir die doring in die vlees is meer ontstellend. Want waar siekte iets is wat met jou gebeur sonder

keuse of optrede van jou kant af, is sonde nie. Ons kies om sonde te doen. En sonde verslaaf jou mettertyd meer en meer. Die probleem by die aanhoording word dalk juis aan ons geopenbaar wanneer ons nadink oor Bybelse rolspelers soos Paulus. Ons is geneig om onbewustelik hierdie mense te verhef tot sondelose wesens. Maar die waarheid is dat hulle ook sondig was. Die Bybel openbaar selfs van hierdie sondes aan ons. Sonde verduister altyd die boodskap van die evangelie wat uitgedra word.

Laastens weet ons sondes gebruik ook waardevolle hulpbronne op. Sodat daar dikwels nie iets oor is vir die koningryk van die Here nie. Wat is die doring in jou vlees, ja ook in hierdie moeilike tyd waarin ons leef vandag.

3. Dorings en distels

Die ander probleem lê in ons oortuigings. Daardie ou gedagte wat so maklik deur suksesvolle mense geopenbaar word: As jy net hard werk, is sukses gewaarborg. En dan sal die suksesvolle persoon gewoonlik byvoeg kyk na my hoe ek dit gedoen het. Die probleem hiermee is net dat dit glad nie op lyn met die skrif nie. In Genesis 3 praat die Here oor arbeid op die vervloekte aarde. Harde arbeid, in die sweet van jou aangesig, lewer volgens Genesis 3:18 dorings en distels op. Waar is die seën op die arbeid?

Nou is die antwoord mos maklik, dat jou arbeid nie tot eer van die Here was nie, daarom is dit nie geseënd nie. Maar wat van koningrykswerk. Paulus is tog aktief besig om die evangelie uit te dra. Kan ons sê dat sy arbeid teen die wil van die Here is. En hierin lewe ons vraag vandag ook. Is die samekoms as gemeente van die Here en die verspreiding van ’n warm bord kos aan ’n behoeftige teen die wil van die Here?

Die probleem hier verskil van die probleem in punt 1. In punt 1 verhoed die sonde en siekte my om my roeping uit te leef. Maar hier word die roeping te volle met oorgawe uitgeleef, maar die resultate van my koninkrykswerk is steeds bevlek met sonde. Al my moeite en inspanning bring net dorings en distels voort. Dit bring vir my net moeilik omstandighede soos wat nou beleef word voort.

Hierin lê die ander verklaring van die doring in Paulus se vlees. Dat die Satan die koninkryksarbeid wat Paulus verrig omdraai in iets wat nie tot eer van die Here is. En feit dat die doring nie verwyder word uit Paulus se vlees nie, wys ons dat dit voortdurend plaasvind.

4. ’n Doringkroon bring uitkoms

Die antwoord wat Paulus ontvang op sy voortdurende worsteling met die Here oor hierdie doring in sy vlees openbaar aan ons die volgende. Die bekende woorde “My genade is vir jou genoeg” . Besef ons vandag nog in ’n wêreld waar die moderne mens gewoond is om sy sin te kry wat hierdie woorde beteken. Die Here sê nie my krag om bonatuurlik jou omstandighede te verander is genoeg nie. Nee, “My genade is vir jou genoeg”.

Maar watter groot ondeurgrondelike genade is dit nie. Want voor die geregtigheid en krag van die Here kan ons eintlik nie bestaan. Die Heiligheid van die Here is soos ’n vergrootglas wat ons dorings duidelik maak. Maar in Mattues 27 met ’n kroon van dorings staan Christus. Gereed om deur owerstes van hierdie wêreld bespot te word. En dan aan die kruis sy kosbare bloed te gee vir die versoening van al ons sondes. Die Koning met die doringkroon kom verlos vir my en jou van al ons sondes. Hy neem al die dorings in ons vlees op Hom wanneer Hy onskuldig gekruisig word.

En daarom kan ek en jy vandag hoor, maar my genade is vir jou genoeg. Want “My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Wanneer ons uitgemergel swak deur die dorings in ons vlees by die kruis

van ons Here Jesus kom. Dan hoor ons ook hierdie woorde. Dit is wat ons op die einde ook in swaar omstandighede tot lof en eer van die Here bring.

Want juis wanneer ek niks het om oor te roem in myself nie, juis dan is ons gereed om te volle alle roem, eer en heerlikheid aan die Here alleen te gee. Kom na ons kykn na ons omstandighede vanuit hierdie hoek van die doring in my vlees wat net nie verwyder word nie.

Amen

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met die volgende samevatting oor ons situasie vandag. Ons sien in die lewe van Paulus dat die uitlewing van jou roeping nie altyd voorspoed verseker nie. Dat juis die liefde wat ons uitleef tot ons hemelse Vader en ons naaste soms so verdraaid uitkom. Dat die doring in ons vlees juis die tekortkominge is waarmee ons die Here probeer verheerlik en koningrykswerk doen.

Die doring in ’n mens se vlees kan kan natuurlik ook die omstandighede wees waarin ons verkeer. Dat ’n mense fisiese deur eksterne sake verhoed word om koninrykswerk te doen. Iets hiervan beleef ons natuurlik tydens hierdie staat van inperking. Maar ook dan moet ons hoor: “My genade is vir jou genoeg”. Die Here se krag word juis geopenbaar wanneer ons swak is. Wanneer ’n gemeente teen realiteite in, soos finansiële tekorte, fisiese beperkings op kontak ens., steeds voortbestaan.

Omdat die genade van die Here genoeg is, sal die kerk nie tot niet gaan in hierdie tye nie. Want ook vandag is die Genade van die Here vir ons genoeg. Maar wat wel duidelik is, is dat ons in hierdie tye die diepte van die woorde: “My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” gaan leer ken. Ons gaan voortdurend leer om ten volle op die Here alleen te vertrou. Veral wanneer ander vastighede stuk vir stuk rondom ons verdwyn.